

Hoofstuk van die dag: Markus 2

> *Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog ’n stuk van die oue uit, en die gat word net groter. (vers 21)*

Jesus Christus se boodskap en lewensbenadering pas nie in in

hierdie wêreld nie. Daarom het die spanning tussen Hom en die destydse geestelike leiers baie gou begin oplaai. Vers 21 staan trouens in die middel van ’n hele reeks insidente wat hierdie toenemende spanning uitwys.
Met Jesus het alles nuut geword. Hy verduidelik dit met twee beelde (lap en wyn). Hy het nie gekom het om die Joodse godsdienstige siening maar net so ’n bietjie aan te pas nie. Hy het ’n nuwe boodskap gebring. ’n Nuwe lap werk nie op ou klere nie. Nuwe wyn werk nie in ou leersakke nie. Net so met Jesus se boodskap: dit pas eenvoudig nie in in die ou gebruike en tradisies van die Jode nie.
Die Here Jesus laat Hom nie inperk nie, en as ons ten alle koste aan ons manier van dink en doen vasklou, gáán iets padgee. Dit is dan dat die ou lap skeur, dat die ou wynsak oopbars. Eers as ons toelaat dat Hy ons nuut maak (2 Kor 5:17), kan ons nuut dink en lewe.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026